# 10 Dae Van Gebed

## Dag 10 – God se Volk, die Oorblyfsel, en Gebed

"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar."

– OPENBARING14:12.
Die Drie Engele se Oproep tot Gebed



# Wie Is God se Volk In Die Eindtyd?

- **Die drie engele se boodskappe word gegee om 'n volk vir die koms van Jesus voor te berei.**
- **God se volk het geduld – dit beteken uithouvermoë. Sy volk sal die beproewings van die laaste dae verdra en as oorwinnaars uitkom. Hulle sal die woede van die dier in die gesig staar en sal getrou wees aan Jesus. Alhoewel hulle nie in staat sal wees om te koop en te verkoop nie en vervolging, gevangenisskap en dood om Christus se ontwil sal verduur, sal hulle gehoorsaam wees aan Sy gebooie.**
- **God se volk het nie slegs geloof in Jesus nie, maar hulle het die geloof van Jesus.**
- **Geloof is 'n gawe wat God in ons harte plaas wat groei soos wat ons dit beoefen. Wanneer ons aan God se beloftes vashou in moeilike tye, groei ons geloof.**
- **Wanneer ons ons gedagtes vul met die Woord van God, groei ons geloof (Romeine 10:17).**
- **Wanneer ons ons gebrek aan geloof erken en erwntig tot God bid om ons geloof meer te maak, groei dit. (Lukas 17:15)**

## Gebedsvoorstelle

**"Om God se Woord te Bid " – gebruik Openbaring 14:12 as 'n begin vir u gebed.**

**"Hier Kom die Lydsaamheid van die Heilige te pas" – Vra Jesus om ons te help om geduldig uit te hou in tye van moeilikhede. Maak aanspraak op Sy beloftes dat Hy krag en sterkte vir ons sal voorsien om dit te kan verduur.**

**"THulle wat Sy gebooi bewaar " – Vra Jesus om ons te help om Sy gebooie te gehoorsaam soos wat ons liefde vir Hom en andere het.**

**"Geloof van Jesus " – Bid dat Jesus ons sal help om dieselfde kwaliteit van geloof te ontwikkel soos wat Hy in God ons Vader het; en dat Hy sal help dat ons geloof elke dag sal groei.**

# Voorstelle vir Liedere

- **Genade Onbeskryflik Groot (AL #189)**
- **When We All Get to Heaven (CH #633)**
- **Bring Eer aan die Here (AL #144)**
- **In a Little While We're Going Home (CH #626)**
- **I Have Decided to Follow Jesus (*He is Our Song* #146)**

Gebedsaktiwiteit: **Bid Sonder Ophou Plakkers**



**Kry ‘n klompie plakkers en merkers. Moedig kinders aan om dit met die woord “Bid” daarop te versier. Hulle kan iets daarop teken en dit dan oral in die kamer vasplak. Wanneer hulle ‘n plakker kry, moet hulle stil staan en bid – selfs net ‘n sinnetjie sal goed wees. Plak dit dan op ‘n ander plek vas. Hulle kan dit vir ‘n dag of twee doen.**